

Die oorsake en gevolge van die heersende strafgerig oor die Geloftesvolk

Om te praat van 'n strafgerig van God, is dit eerstens nodig om in die Bybel te gaan kyk na wat daarmee bedoel word en wat die aard daarvan is. Die eerste straf van God op mense was natuurlik na die sondeval. Ons mense het die perfekte toestand van die paradys in volkome harmonie met God verbeur as gevolg van sonde – dit is ongehoorsaamheid aan God. Ons is ook geplaas onder die straf van sonde, wat die Skrif ons leer is die dood. Mense sterf – ons almal – as gevolg van die sonde. Die uiteindelijke straf op ongehoorsaamheid is die helse vuur, maar God straf die mens ook hier op aarde dikwels met ongeluk en die nadelige gevolge van hul sonde.

Maar, sal baie gelowiges vra: straf God dan ook gelowiges? Ook in die Nuwe Testamentiese tyd? Het Christus nie reeds die straf vir ons sondes gedra nie? Dis 'n algemene beswaar teen die idee van 'n strafgerig van God. Hier moet ons verstaan wat die aard van Goddelike strafgerigte binne die verbond is. Hebreërs 12:6-7 lees: “die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?”

Die Skrif is dus duidelik. God tugtig sy kinders soos enige goeie vader sy kinders tugtig – met die doel van bekering en gehoorsaamheid. God verander nie. Ons Vader bly dieselfde in ewigheid en die God van die Ou en Nuwe Testamente is een en dieselfde. Sy verbond is ook ewig. Die hervormer Heinrich Bullinger het daarop gewys dat God in wese een, ewige verbond met sy kinders van alle tye gesluit het, en dat dit slegs die bediening daarvan is wat verskil in verskillende tye soos die Ou- en Nuwe Testamentiese periodes.

God tugtig individue en gesinne. Ek is seker elkeen van ons het al in ons persoonlike of gesinslewe die tugtiging van God ervaar, waar God ons hard aarde toe bring met die doel dat ons weer opnuut ons afhanklikheid van Hom besef. As ons egter na die Skrif gaan kyk, is dit duidelik dat God se strafgerigte binne die verbond, primer op sy volk uitgestort word. Herhaaldelik in die Bybel sien ons hoe God sy volk belofte en waarskuwing tegelyk gee: seën as ons Hom dien en sy geboorte bewaar, en vloek as ons ongehoorsaam en

opstandig is. Die bekende grondteks vir die leer van strafgerigte is immers Deuteronomium 28.

As ons na hierdie teks gaan kyk, is dit duidelik dat ons volk nou onder 'n strafgerig van die Here verkeer agv ons afvalligheid van die verbond wat ons met Hom gesluit het. In Deuteronomium 28 word die strawwe wat God daargestel het in geval van verbondsontrou van die volk se kant, uitgespel: verwarring, bedreiging, verdelging, peste, siekte, droogte, om verslaan te word deur vyande, vlug vir vyande, dood, kranksinnigheid en blindheid, verdrukking, berowing, seksuele losbandigheid, diefstal, vermenging, onderwerping aan 'n vreemde volk en owerheid, bespotting, mislukte oeste, gevangenisskap en skuldlaste.

Ons ervaar dit letterlik alles.

Maar hoe het ons in hierdie posisie gekom? Wat is ons volk se geskiedenis van ontrou aan God en sy verbond?

Kom ons gaan terug in die geskiedenis. In Frankryk in die 18de eeu was daar 'n groep filosowe, bekend as die *philosophes* wat 'n nuwe leer begin verkondig het. Vir hulle was God óf dood óf irrelevant – en hulle kritiseer toe die bestaande Europese Christendom en sy orde as gebaseer op mites en miskonsepsies. Hulle nuwe leer was: die mens, nie God nie, is die hoogste gesag. Die samelewing moet ingerig word nie volgens die beginsels wat God geopenbaar het nie, maar volgens menslike insigte verkry deur rasionele denke. Hulle het toe uiteindelik teen die ou orde geseëvier met die Franse Revolusie van 1789. Hierdie revolusie was, in lyn met die “verligte” denke van die filosowe, nie net vir Frankryk bedoel nie. Nee, hulle wou die hele wêreld verower vir hul nuwe godsdiens en die afgod van die rede. Hierdie leer het toe ook na Nederland versprei en in 1795 het die liberale rewolusionêres beheer van die Nederlandse regering oorgeneem. Die Bataafse Republiek is tot stand gebring. 'n Man met die naam Jacob Abraham de Mist was gedurende 1797 die president van hierdie anti-Christelike regering.

Sewe jaar later, in Februarie 1803 is die Engelse bewind aan die Kaap beëindig en het die Kaap onder die bewind van die Bataafse Republiek gekom. De Mist is aangestel as kommissaris-generaal. Hy het die beginsels van die Franse Revolusie ook hier in die Kaap kom vestig – sentralisering van mag, godsdiensvryheid en sekulêre staatskole is ingestel asook burgerlike huwelike buite die kerk. Ook in die Kaapse kerk is die gelykheidsbeginsel onder heerskappy van die regering ingevoer. Die grensburgers het altyd ‘n afsku gehad in die veranderinge wat deur die De Mist bewind aan die Kaap aangebring is en konflik met die regering – ook die latere Engelse regering – het voortgeduur totdat ‘n groep uiteindelik besluit het om weg te trek en hulle in die binneland te gaan vestig.

Tydens die Trek het ons ‘n gelofte aan God gedoen, waardeur ons volk as besondere verbondsvolk tot stand gekom het. Hier het ons ons verbondsverhouding gestand gedoen deur in vertrouwe op die Here, die stryd teen die Zoeloes te betree. God het ook sy belofte nagekom deur ons te sien met ‘n oorwinning. Hierdie totstandkoming van ons volk moet gesien word as ‘n verbondsroeping van ons volk deur die Here. Van toe af staan ons onder die gerig van Deuteronomium 28 en sien ons die hand van God in ons geskiedenis.

Na die slag het ons in die tweede helfte van die negentiende eeu Boererepublieke gevestig. Dit is egter hartseer, dat selfs hier in die negentiende eeu, kort na die gelofte, daar ‘n groot mate van rebellie teen die soewereiniteit van God was onder ons volk. Die volk was sekerlik Christelik, maar die volksraad ten tyde van die trek het versuim om die gelofte amptelik te bevestig. Met die vestiging van die Boererepublieke was dit helaas ook nie gekorrigeer nie. Die grondwet van die Republiek van die Oranje-Vrystaat van 1854, byvoorbeeld, was, ten spyte van ‘n Christelike inslag, grotendeels geïnspireer deur die Franse grondwet van 1848, wat ‘n liberale republikanisme gebaseer op die gelykheidsbeginsel voorgestaan het. Die grondwet is ook deur liberale historici, soos Leonard Thompson geloof.

Die grondwet van die ZAR was beduidend minder liberaal en het 'n sterker Christelike inslag gehad. Nietemin, ook hier het dit die dreiging van oorlog geveer om die volk uiteindelik tot ware bekering te dryf. Die resultaat was God se seënende hand in die oorwinning in die Eerste Vryheidsoorlog. Soos by Bloedrivier, het afvalligheid egter na die oorwinning baie vinnig toegetree en het die ZAR volksraad in die 1880's selfs, teen die Wet van God, godsdiensvryheid ingestel.

Hierdie versuiming om, in lyn met God se wet, afgodediens te onderdruk, het bygedra – ek sê nie dit was die enigste faktor nie – maar dit het grootliks bygedra tot die strafgerig wat oor ons sou kom met die Anglo-Boereoorlog en die verlies van ons Vryheid. 'n Mens sou ook kon se dat ons nie op God vertrou het en ons afhanklikheid van Hom bely het nie, maar dit sou 'n veralgemening wees. Iemand soos Paul Kruger het dit definitief gedoen, iemand soos Christiaan de Wet beslis in mindere mate, maar die Here het in sy voorsienigheid bepaal om ons te tugtig met die verlies van ons vryheid.

Jare later het God ons weer 'n kans gegee toe ons uiteindelik onder die Engelse juk uitgekom het. Ek weet nie of 'n mens sou kon se dat republiekwording in 1961 deur 'n besondere volksverootmoediging soos by Bloedrivier voorafgegaan is nie. Een ding is egter seker – dat waar die hele Westerse wêreld na die tweede wêreldoorlog of in liberalisme (Kulturele Marxisme), of in kommunisme (Revolusionere Marxisme) verval het, het Suid-Afrika in die 60s oorgebly as 'n uitsonderlike liggie in 'n donker wêreld. Daar was waarskynlik nog 'n mate van louheid, maar, dit blyk dat God onder Verwoerd se leierskap dit goed gevind het om ons volk weer die geleentheid te gee om sy ligdraers te wees. Tot 'n mate is daar wel tydelik daarin geslaag. Onder Verwoerd is staatsonderwys sterk verchristelik. Hy het ook voor die wêreld ons afhanklikheid van God bely. Ons het God openlik in die grondwet erken. Sy bewind was egter nie totaal vry van liberale besoedeling nie. 'n ongelowige Jodin is bv. toegelaat in ons parlement. Persoonlik dink ek terug aan leiers soos Verwoerd en Kruger in dieselfde lig as daardie konings van Israel waarvan gese is dat hulle “gedoen het wat reg is in die oë van die Here, maar net nie die hoogtes afgeskaf het nie.”

Dat daar afvalligheid na die Verwoerd-era aangebreek is hopelik nie vir ons wat hier sit, nuus nie. Van ons volksleiers ontken dit natuurlik heeltemal, maar die feit van die saak is dat, na die godsdienstige louheid van die 1970's – 'n era gekenmerk deur ongekeerde gemak en materiële voorspoed vir ons volk, vreemde liberale idees veral gedurende die 1980s begin posvat het. Ons is in die 90s heeltemal oorspoel daarmee. Selfs toe ons nog die mag gehad het, het ons toegelaat dat ons universiteite, ook toe al, ons kinders met goddelose idees van goddelose denkers oorspoel, terwyl Christelike denkers doodgeswyg is. Ons arrogansie het ongekeerde hoogtes bereik – alles wat ons bereik het, het ons aan onself toegeskryf. Materialisme het die godsdienst van die dag geword en ons het besluit om nie meer eers genoeg kinders te hê om ons volk instant te hou nie. Ons het, veral in ons verhouding met ander volke, die humanistiese beginsels so ver bokant Bybelse beginsels geag, dat ons vrywilliglik in 1992 se referendum 'n Christelike volkstaat vir 'n Marxistiese, gesentraliseerde ryk onder volksvreemde heerskappy verruil het.

Sedert die vroeë 1990s, het God se geduld met ons volk uiteindelik opgeraak. Ons het hardkoppig geweier, ten spyte van die geleentheid wat Hy ons in die verlede gegee het, om aan Hom die eer te gee en aan die wêreld te getuig en te wys dat Hy ons Koning is – dit, wat nog altyd ons roeping was hier in Afrika.

Dit wat betref die oorsake van die strafgerig wat ons volk sedert 1994 onder verkeer.

Ons het ons vryheid verloor en het onder 'n heidense bewind gekom – dit is die primêre gevolge van die strafgerig.

Maar ons het nie net onder 'n vreemde bewind gekom nie – ons het die onderdruktes geword van 'n vreemde nasie wat ons haat en geen respek vir ons identiteit en kultuur het nie. Ons het onder 'n bewind gekom wat ons wil doodmaak. Daar is 'n aggressiewe veldtog om ons volk uit te wis onder die meerderheidsbevolking in die land. Hulle word ook aangehits deur die leiers van die land. In ons skole en universiteite word ons kinders besoedel deur liberale, anti-christelike idees wat ons volk net verder afvallig maak van die Here. Soos Romeine 1 ons leer, neem goddeloosheid op goddeloosheid toe

onder ons mense. Ons het nie godvresende manne in leiersposisies wat aan ons volk rigting kan gee nie. Diegene wat die volk oproep tot bekering word stilgemaak en staan magteloos. Ons geboortesyfer het gedaal tot ver onder die vervangingskoers, ons mense vlug die land uit en die blanke bevolking in Suid-Afrika word letterlik elke dag minder. Droogtes het en bly ons mense in groot dele van die land teister. Die regering dreig nou om ons grond te vat.

Dit gaan baie sleg, maar ons kan nie sê ons het nie geweet nie. Ons kan nie sê dat ons nie gewaarsku is nie, want in Deuteronomium 28 word hierdie dinge – letterlik – voorspel as ons afvallig raak van God en sy Wet.

Ons weet dit nou goed. En ons weet ook dat daar net een weg hier uit is – die weg van berou, bekering en verootmoediging voor God, die soewereine Beskikker van ons deel en lot.

Dankie

Adi Schlebusch – 078 466 3237